St. Theodosius

11 Januarie



(c. 423-529)

Hy is in Kappadosië (moderne Turkye) gebore. Op 30-jarige ouderdom verlaat hy sy tuiste en vestig hom in die Heilige Land. Hy stig ’n gemeenskap van monnike in die omgewing van Bethlehem. Hierdie klooster het gou gegroei en was bekend omdat dit so ’n internasionale gemeenskap gevorm het met manne uit verskillende lande. Die liturgie is in verskillende tale gevier en daar was ruimte vir die gebruike en tradisies van die verskillende volke wat daar verteenwoordig was. Theodosius en sy monnike het hulle toegespits op die versorging van die siekes, bejaardes en haweloses.

© Die Oratorium Uitgewery